
LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers


'n "Altaar"-natiewe lewe
HEBREERS 13:7-16





# Altare in die Bybel

- Ontmoetings met God
- Herinneringstekens
- Offers te bring



8 Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen
aanbid waar hy wil nie, 9 want julle het nog nie gekom
by die rusplek, die besitting wat die Here julle God vir
julle sal gee nie. 10 Maar julle sal deur die Jordaan trek
en gaan woon in die land wat die Here julle God julle sal
laat besit en daar sal julle rus he van al julle vyande in
die omgewing en daar sal julle veilig woon. 11 Daar is die
plek wat die Here julle God sal kies om sy Naam daar te

***Deuteronomium 12:8-14***

laat woon en daarheen moet julle al die offers bring
soos ek julle beveel het: julle brandoffers en ander
offers, julle tiendes en ander bydraes, en al die
gelofteoffers wat julle aan die Here beloof het. [12]Daar
moet julle en julle kinders en julle slawe en slavinne
daarvan geniet in die teenwoordigheid van die Here
julle God, ook die Leviete wat by julle woon, want hulle
het nie 'n deel van die land as besitting saam met julle

*Deuteronomium 12:8-14*

gekry nie. 13 Moenie julle brandoffers sommer op enige
plek offer wat vir julle goed lyk nie. 14 Julle mag dit net
offer op die plek wat die Here sal kies in die gebied van
een van die stamme. Daar moet julle julle brandoffers
offer en daar moet julle alles doen wat ek julle beveel
het.



*Deuteronomium 12:8-14*

# Jesus bring

- EEN
- FINALE
- EWIGE

# offer



[21]Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd
wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in
Jerusalem sal aanbid nie. [22]Julle aanbid sonder om te weet
wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die
verlossing kom uit die Jode. [23]Maar daar kom 'n tyd, en dit is
nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en
in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die
mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. [24]God is Gees, en
die wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid
aanbid."

**_Johannes 4:21-24_**

7 Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle
verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe,
en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.
8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in
ewigheid. 9 Moet julle nie laat meevoer deur allerhande
vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart
deur genade versterk word, nie deur eetgebruike nie. Die
wat hulle aan hierdie gebruike gehou het, het niks daarby
gebaat nie.

***Hebreërs 13:7-16***

10Ons het 'n altaar waarvan die wat nog die offerdiens
volgens die ou orde verrig, nie die reg het om te eet nie.
11Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in
die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame
word buitekant die laer verbrand. 12Daarom het Jesus ook
buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed
van hulle sonde te reinig. 13Laat ons dan nou uitgaan na
Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra
het,

***Hebreërs 13:7-16***

14 want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie,
ons is op soek na die toekomstige. 15 Laat ons dan
onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, die
lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam
bely. 16 Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te
wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.




Hebreërs 13:7-16


Ons "Altaar" herinner ons:
•aan Jesus se FINALE offer

14 Deur die EEN offer het Hy die wat vir God afgesonder
word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak.
15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy:
16 "Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal
sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee,
in hulle verstand sal Ek dit skrywe." 17 Dan sê Hy verder:
"Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer
dink nie." 18 Waar die sondes vergewe is, is geen offer
daarvoor meer nodig nie.


***Hebreërs 10:14-18***



# Ons “Altaar” herinner ons:

- aan Jesus se FINALE offer
- om te LEWE tot Sy eer


31 Of julle eet en of julle drink of wát julle
ook al doen, doen alles tot eer van God.
1 Korintiërs 10:31


Ons "Altaar" herinner ons:
• aan Jesus se FINALE offer
• om te LEWE tot Sy eer
• met WIE ons te doen het

36 Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe
gekom en gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit
tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u
dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen. 37 Antwoord my,
Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here,
God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer."
38 Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer,
die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die
sloot opgelek. 39 Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle
kniee geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!"

***1 Konings 18:36-39***

# Ons "Altaar" herinner ons:

- aan Jesus se FINALE offer
- om te LEWE tot Sy eer
- met WIE ons te doen het
- om God te DANK vir Sy sorg

12 Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n
mens niks beter is nie as om vrolik te
wees en die goeie van die lewe te geniet.
13 Dat die mens kan eet en drink en onder
al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook
dit is 'n gawe van God.

*Prediker 3:12-13*


'n "Altaar"-natiewe lewe
HEBREERS 13:7-16